# VAKATURE:

## Uitreikbestuurder: NG Kerk Helderberg

Helderberg Gemeente is gesetel binne die Ring van Somerset-Wes. Die gemeente onderskryf die Bybel as die Woord van God. Ons het 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in geestelike en fisiese nood.

Die werknemer moet 'n lidmaat van die NG Kerk wees/word, wat nie deur enige ander ooreenkomste, teenstrydige oortuigings of beperkings daarvan weerhou word om diens in die gemeente te lewer nie.

**Die pos behels die volgende:**

- Samewerking met vrywilligers en donateurs.
- Samewerking binne die kerklike struktuur.
- Bemarking.
- Opleiding.
- Projekbestuur.
- Fondswerwing
- Begeleiding en emosionele versorging van Uitreik Personeel en Projekleiers.
- Finansiële bestuur.
- Kommunikasie.
- Administrasie.
- Selfontwikkeling.

**Die werknemer erken dat sy/haar voorbeeld, optrede en ywer die kwaliteit van gemeentelike funksionering mede-bepaal en hy/sy onderneem om:**

- erns met sy/haar persoonlike Bybelstudie en gebedslewe te maak;
- sy/haar lewensinstelling en optredes op hoë morele standaarde te bou;
- die waardigheid en selfrespek van elke persoon met wie hy/sy in die loop van sy/haar dienslewering in aanraking kom, te erken, te handhaaf en te bevorder;
- lojaal aan die NG Kerk, en sy/haar besluite te wees en om enige bedenkinge op 'n verantwoordelike manier, deur middel van die ruimte wat deur die Kerkraad en ander kerkvergaderinge geskep is, onder die betrokke instansie se aandag te bring;
- alles in sy/haar vermoë te doen om die Gemeente se belang ten alle tye te bevorder.

**Die pos vereis die volgende:**

- Kennis en ervaring van kerklike getuienis of uitreikbediening.
- Verkieslik nagraadse opleiding in bestuur en/of menslike wetenskappe.
- Kennis en ervaring van die betuur van NPO's en PBO's.
- Rekenaarvaardigheid ten opsigte van MS Office Suite en Outlook is noodsaaklik.

Belangstellendes moet asseblief die volgende elektronies aan ons voorsien: marisa@nghelder.co.za

- Kort CV, nie langer as 4 bladsye
- Motiveringsbrief
- 3 Kontakbare referente
- In ruil vir jou dienste bied die NG Kerk Helderberg 'n mededingende pakket en aangename werksomstandighede.

Sluitingsdatum vir aansoeke is **25 Maart 2022 om 12:00.**
Aanvangsdatum van pos is **01 Augustus 2022**
Rig navrae aan die Menslike Hulpbronbeampte via marisa@nghelder.co.za

Deur die indiening van hulle CV's, gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPIA-wetgewing deur KSM vir kerklike doeleindes asook vir die aanstellingsproses gebruik kan word.
Die taakspan Helderberg Gemeente behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie.